

5 Julie

Skrifgedeelte: Lukas 23:33-49 (OAV)

Fokusgedeelte: Lukas 23:46a

Jesus gee self sy gees aan die Vader oor wanneer Hy die laaste asem uitblaas

Die sewende en laaste kruiswoord uit die sterwende mond van Jesus is 'n gebed tot sy Vader in die hemel. Jesus het die taak afgehandel waarvoor sy Vader Hom gestuur het. Sy verlossingswerk vir sondaarmense hier op aarde is volbring. Nou gaan sy gees terugkeer tot God en Hy rig Hom hemelwaarts. Die kruis word 'n heiligdom waar 'n siel ná werk wat volbring is in die hande van God die Vader toevertrou word.

Toe Jesus sy eerste kruiswoord uitgespreek het, was dit ook 'n gebed tot sy Vader, naamlik vir sondaarmense: "Vader, vergeef hulle..." Daarna is die lieflike Vader aanroep in die donker ure van sielsverlatenheid vervang deur 'n hartverskeurende: "My God, my God..." In die diepte van sy bittere lyding, in die uur van Godverlatenheid en helse smarte, hoor ons nie die benaming "Vader" nie. Nou is dit egter weer lig oor Golgota én die hele wêreld. Noudat die offer van sy liggaam deur God aangeneem is en alles volbring is, hoor ons weer die VADERnaam voordat Jesus die laaste asem uitblaas. As Kind van God sal Hy in sy sterwensomblikke weer bewus word van die liefde van die Vader en van die ewige Vaderarms wat sy menslike gees ontvang! (Vergelyk NGB, Art 19.) "Waarlik, Hy was die Seun van God!" So het die ontroerde Romeinse offisier uitgeroep by die aanhoor van Jesus se sterwenswoorde en by die aanskouing van sy dood (Matt 27:54).

Só kan ons ook eendag die dood tegemoet gaan – sonder vrees en verskrikking. Vir die kind van God vir wie die lewe Christus is, is die sterwe inderdaad ewige wins!

Sing: Skrifberyming 6:6,7 Ds K van Niekerk (Emeritus)